

30 Januarie

Hooglied 1

(Teks: 1:7)

Die beste begeertes

Die meisie wat haar aanstaande so innig liefhet, het een groot begeerte: Sy wil daar wees waar hy is. Hooglied besing die liefde tussen 'n man en vrou as afbeelding van die liefde tussen die kerk (bruid) en Christus (die komende bruidegom).

Die woorde gee dus uitdrukking aan die groot begeerte van 'n gelowige om daar te wees waar Christus is. Waar u die vee laat wei, daar wil ek wees, om by U te wees. Is dit in gebed waar u die siel van 'n mens versterk, dan wil ek bid! Sal ek U vind deur u gebooie te lees en te probeer hou, dan sal ek my uiterste doen. Waar u as herder u kudde versorg daar wil ek wees. Veral daar waar U met U kudde besig is, dit weet ek, daar sal ek u kry.

Die gemeente is God se kudde. Waar hulle saamkom, daar sal U Christus vind. Daar waar twee of drie in my Naam vergader is, is Ek in hulle midde! Juis omdat ons in onsself so swak is, is dit ons grootste begeerte om by die Here te wees, dat Hy ons kan voed en versterk. Daarom sien ons reeds uit na Sondag se samekoms van sy gemeente en raak ons betrokke by mekaar in die gemeenskap van die heiliges, want dan word hierdie groot begeertes deur Christus vervul.

Sing Psalm 119:62

Ds. M. van Helden (Pinetown)